GLYNOX 540 SL is 'n uiters aktiewe onkruidodder, wat indien verkeerdelik aangewend, ernstige skade kan aanrig aan gewassaailinge, sagtevrugtebome en wingerde tydens bot en vroeë seisoensgroei. Onder die volgende toestande kan dit ernstige skade aanrig vir so ver as 3 tot 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig:

- Bewolkte weer met relatiewe humiditeit hoër as 80% en stadige lugbeweging van minder as 5 km per uur
- Waar sulke toestande heers, moet toedienings **NIE** gedoen word indien gewassaailinge, sagtevrugtebome en wingerde in bot of vroeë ontwikkelingsstadia voorkom binne 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig nie

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS, WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE; KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMAATREËLS:

Moenie spuitstof of sproeinewel inasem tydens toediening nie.

Dra beskermende klere, rubberhandskoene en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word.

Vermyn vel- en oogkontak. Was met seep en genoegsame water na gebruik of toevallige velkontak.

In geval van toevallige oogkontak spoel oë met genoegsame skoon water uit vir minstens 15 minute.

Verkry onmiddellik mediese hulp.

Was besoedelde klere na gebruik.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Verhoed die wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.

Voorkom direkte kontak of sproeinewel kontak van **GLYNOX 540 SL** met blare van groen en / of onvolwasse bas en vrugte van nie-teiken gewasse en weiding aangesien ernstige gelokaliseerde of getranslokeerde skade mag voorkom.

Maak spuitapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi die spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme kan besoedel nie.

Spoel die leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.

Vernietig leë houer en raak daarvan ontslae op 'n veilige manier. Moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie. Leë houe wat driekeer uitgespoel is kan aan 'n goedgekeurde verwerkingsaanleg gestuur word.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

GLYNOX 540 SL is 'n Groepkode G9 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruidspesie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **GLYNOX 540 SL** of enige ander Groepkode G9 onkruidodders het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **GLYNOX 540 SL** of enige ander Groepkode G9 onkruidodders beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

ONKRUIDE WEERSTANDBESTUUR:

Wisselvallige beheer van sekere graspopulasies en ander onkruid soos *Lolium* spesies, *Phalaris* spesies, *Avena* spesies (erkende weerstand aangeteken), *Chenopodium* spesies (plante met wasagtige blare), *Conyza bonariensis* (Kleinskraalhans), *Commelina benghalensis* (Bengalse wandelende Jood), *Ipomoea* spesies (natuurlike weerstand) voorkom, as gevolg van weerstand teen glifosaat.

Sommige populasies mag weerstandbiedend wees met produkte wat aryloxyfenoksie propionate, "cyclohexanedione" en sulfonielureum bevat, maar mag ook weerstandbiedendheid teenoor glifosaat-bevattende produkte, soos bv. **GLYNOX 540 SL** hê.

Aangesien hierdie weerstandbiedende populasies varieër in grootte en ligging en moeilik is om te bepaal, is dit belangrik dat elke gebied jaarliks nagegaan word om moontlike weerstandbiedendheid vroegtydig te identifiseer.

Indien die bogenoemde voorkomende maatreëls nie noukeurig gevolg word nie kan die registrasiehouer nie verantwoordelik gehou word vir die mislukking van **GLYNOX 540 SL** om weerstandbiedende onkruid te beheer nie.

Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

Die gebruik van **GLYNOX 540 SL** volgens die etiket aanbevelings sal normale ontwikkeling en groei van glifosaatbestandheid gewasvariëteite tot gevolg hê. Verskeie omgewingstoestande, agnomiese praktyke en 'n verskeidenheid van ander faktore maak dit onmoontlik om alle risiko's wat verband hou met **GLYNOX 540 SL**, selfs wanneer toegedien volgens etiket aanbevelings. In sekere gevalle kan hierdie faktore tot onvoorsiene resultate lei, insluitende oesverlies.

GLYNOX 540 SL moet slegs vir na-opkoms gebruik word, oor die boonste of direkte toediening van die genetiese verbeterde katoen-, mielie- en sojaboonvariëteite wat ontwikkel is met die "glifosaatbestandheids-geen". Ernstige gewasskade of die uitwissing van die gewas mag voorkom indien enige variëteit of basters, wat nie duidelik aandui dat dit die "glifosaatbestandheids-geen" bevat, met **GLYNOX 540 SL** bespuit word.

Die effek van onkruidodder simptome van 'n **GLYNOX 540 SL** toediening kan vanaf vyf (5) dae na afloop van die bespuiting sigbaar word, afhangende van die onkruid sp., groeistadium en omgewingstoestande.

Dien **GLYNOX 540 SL** na-opkoms toe op groen blare en onvolwasse bas van aktief groeiende onkruid of op vars gekapte boom- of struikstompe.

Vir moeilik beheerbare meerjarige onkruid word 'n bespuiting tydens herfs aanbeveel wanneer onkruid aktief translokeer vanaf plantvoedingsstowwe na die wortels, knolle, wortelstokke of uitlopers. Bespuit enige hergroei met kolbespuiting.

Moenie bespuit wanneer die onkruid met stof bedek is óf nat is óf onder hitte óf vog stremming verkeer, of deur ryp of ernstige insek- of siekteskade beïnvloed word nie.

Toediening met lae volume toedieners (bv. self-aangedrewe “high boy” toedieners) teen hoë spoed (>10 km per uur) mag stofwolke teweegbring wat die aktiwiteit van die aktiewe bestanddeel nadelig sal beïnvloed as gevolg van die adsorpsie van stofgedeeltes op die onkruid se blaaroppervlaktes.

Moenie GLYNOX 540 SL toedien wanneer die windspoed meer as 10 km per uur is nie.

GLYNOX 540 SL is reënvas vir 1 uur na bespuiting. Reën of besproeiing binne 1 uur na toediening kan 'n nadelige effek hê op die doeltreffendheid van **GLYNOX 540 SL**.

Laat ses (6) ure toe na bespuiting vóór plant.

In gemengde onkruidsituasies (eenjariges tussen probleem meerjariges), kan die eenjariges beheer word deur of te sny óf deur chemiese beheer. Laat die hergroei van meerjariges toe en bespuit of dien 'n kolbespuiting op hergroei toe.

Indien **GLYNOX 540 SL** in kombinasie met ander landboumiddels gebruik word moet alle “**WAARSKUWINGS**”, “**VOORSORGMATREËLS**” en “**GEBRUIKSAANWYSINGS**” noukeurig nagegaan word soos aangedui op die betrokke etiket.

Daar is geen gewasrotasie beperkinge wat nagekom moet word tydens die gebruik van hierdie produk nie.

Moenie toelaat dat spuitdruppels of sproeinewel in kontak kom met vrugte, groen blare, groen stamme en takke van gewenste gewasse en plante nie.

Laat minstens 10 dae toe tussen die snoei van wingerd en boom gewasse vóór die bespuiting van **GLYNOX 540 SL** om onkruid in wingerde en boorde te beheer.

Voorplant toediening van **GLYNOX 540 SL** op sanderige grond (minder as 10% klei) met lae organiese materiaal inhoud en lae mikrobe aktiwiteite, moet ten minste 21 dae vóór die uitplant van saailinge plaasvind.

Dit kan voordelig wees om **IMIBOOST/ASC** by die spuitwater te voeg voordat **GLYNOX 540 SL** by die water gevoeg word om verenigbaarheid met ander produkte te bevorder.

Om die spuitwater verenigbaarheid van **GLYNOX 540 SL** te verbeter, kan of **BLADBUFF 7** by die water gevoeg word, voordat **GLYNOX 540 SL** bygevoeg word.

LUGTOEDIENING :

BELANGRIK: Lugtoediening van GLYNOX 540 SL word nie aanbeveel op glifosaat-bestandheid gewasse nie.

GLYNOX 540 SL kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Die gebruik van 'n geregistreerde drywingsbeheer middel en/of lae drywing lugbespuiting spuitneuse (bv. “straight stream nozzles”) word aanbeveel. In die geval van vastevlerk vliegtuie met 'n vliegspoed hoër as 130 mph, mag die defleksiehoek van die spuitneuse of spuitstroom, soos gemeet vanaf 'n horisontale reguit orientasie na agter, nie 30 grade oorskry nie. In die geval van vastevlerk vliegtuie wat stadiger vlieg, mag die defleksiehoek, soos hierbo beskryf, nie 55 grade oorskry nie.**
- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 50 ℓ per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.

Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID:

GLYNOX 540 SL is verenigbaar met **Bladbuff® 7** (Reg. Nr. L8121), **2,4-D AMINE 480 SL** (Reg. Nr. L5233) en MCPA 400 SL. Hou streng by die etiket aanbevelings van elk van die produk etikette hierin aangedui.

GLYNOX 540 SL kan ook in 'n tenkmengsel met ammonium sulfaat, bv. (**Imiboost** (Reg. Nr. L7470) of **ASC** (Reg. Nr. L9065 – parallel registrasie van **Imiboost**) gemeng word.

Bevorderings-en of Byvoegmiddels:

Vir optimale resultate, word 'n minimum van 1.0% **GLYNOX 540 SL** konsentrasie in die totale spuitvolume aanbeveel. Waar die toediening gebaseer is op 'n persentasie oplossing eerder as 'n dosis per hektaar, dien toe as 'n voldekbespuiting (maar nie tot die punt van afloop nie).

Vir verbeterde beheer van Bengaalse wandelende Jood, Akkerwinde, Purpurwinde en Porslein kan **GLYNOX 540 SL** met **2,4-D AMINE 480 SL** of MCPA 400 SL teen 'n maksimum van 500 ml per hektaar toegedien word. **MOENIE** 'n buffer bysit wanneer 'n tenkmengsel met die bogenoemde 2 produkte voorberei word nie.

IMIBOOST / ASC (ammonium sulfaat) moet altyd by die spuitmengsel gevoeg word.

VERMENGINGSINSTRUKSIES:

Gebruik altyd skoon water. Vermyn die gebruik van brak- of modderige water, of water met 'n hoë kolloïed inhoud afgelei van gronde met 'n hoë organiese materiaal.

'n Analiese van die waterbron word aanbeveel om te bevestig wat die vlak van natrium, kalsium en magnesium soute is, sowel as karbonaat en bikarbonaat fraksies/breuke, aangesien te hoë vlakke van hierdie komponente antagonisties mag wees teenoor die aktiewe bestanddeel glifosaat.

Om harde- en brakwater te korrigeer, moet **Imiboost / ASC** (ammonium sulfaat) óf **Bladbuff 7** by die spuitwater gevoeg word vóór die byvoeging van **GLYNOX 540 SL**.

Voeg die ammonium sulfaat eerste by die water, gevolg deur die **GLYNOX 540 SL**, en daarna die aanbevole produk in die tenkmengsel. Verseker roering gedurende vermenging en bespuiting.

TOEDIENINGSAANBEVELINGS:

Dien **GLYNOX 540 SL** teen 'n spuitvolume van 75 – 150 ℓ spuitmengsel per hektaar toe. In gevalle waar die spuitvolume minder as 120 liters/ha is, moet die toediening met doelgerigte ontwerpde lae volume spuittoerusting (bv. selfaangedrewe “high boy”spuite) toegedien word.

Kolbespuiting – gebruik 'n persentasie oplossing op die teiken onkruid soos aangedui. (1.0 ℓ **GLYNOX 540 SL** per 99 ℓ water = 1.0 % oplossing; 2.0 ℓ **GLYNOX 540 SL** per 98 ℓ water = 2.0 % oplossing.) Spuittoerusting moet 'n egalige druppelverspreiding op die teiken onkruid gee. Verseker dat die spuittoerusting skoon en roesvry is, asook geen stof en afsaksel van ander landboumiddels bevat en akkuraat gekalibreer en in 'n goeie werking toestand is.

Vermý spuitwegdrywing wanneer hoë druk-spuittoerusting gebruik word.

Die toedieningsspoed van lae volume toedieners moenie 25 km per uur oorskry op 'n gelyke grondoppervlak nie. Waar die grondoppervlak meer oneweredig is (bv. asgevolg van kluite) moet 'n maksimum toedieningsspoed van 15 km per hektaar gehandhaaf word.

In gevalle waar wegdrywing skadelik kan wees, moet 'n lae volume druk van 100 tot 200 kPa of lae wegdrywing spuitpunte (bv. a.i. spuitpunte gebruik word) of 'n spuitwegdrywing byvoegmiddel gebruik word gedurende bespuiting.

Moenie bespuit wanneer die windspoed 10 km per uur oorskry nie.

Verseker 'n fyn (**NIE** 'n sproeimis), eweredige druppelverspreiding en deeglike bedekking van die teiken onkruid. Maak die hele toediener binne en buite deeglik skoon na toediening.

GEWAS AANBEVELINGS:

Die groeistadium van onkruid beïnvloed die keuse van die **GLYNOX 540 SL** dosis. Saailinge is meer vatbaar as gevestigde volwasse plante.

Sodra die plant in bot of in vroeë blom is, het die blaargroei reeds tot maksimum blaaroppervlak ontwikkel wat die optimale opname van die blaartoegeediende **GLYNOX 540 SL** toelaat.

Sekere meerjarige plante is meer gevoelig vir blaartoegeediende behandelings vanaf die middel somer tot herfs maar vóór ryp voorkom.

Gekapte stompbehandelings moet gedurende dié tydperk van aktiewe boomgroei plaasvind.

Behandeling van hergroei plant moet met 'n kolbespuiting behandel word sodra die lote 20 tot 50 cm lank is.

GEWAS GEBRUIK:

GLYNOX 540 SL kan vir onkruidbeheer gebruik word in (i) boom- en wingerdgewasse solank daar nie kontak deur direkte of spuitwegdrywing met die gewas is nie, (ii) voor-plant van jaarlikse gewasse in konvensionele bewerking of minimum bewerking of geen bewerkingssisteem en (iii) gebruik in gewas van glifosaatbestandheid gewasse soos katoen, mielies en sojabone.

GLYNOX 540 SL kan gebruik word in die volgende boom- en wingerdgewasse;

amandels, aalwyne, appels, appelkose, avokado's, piesangs, kersies, sitrus, koffie, sagtevrugte, wingerd, granadellas, brame, koejawels, hops, kiwivrugte, lietsjie, makadamias, mango's, nektariens, olywe, papaja, perskes, pere, pekanneute, pynappels, pruime, granate, turksvye, pruime, sisal en tee.

GLYNOX 540 SL Eenjarige onkruidbeheer

Eenjarige onkruidgroeistadium	GLYNOX 540 SL Dosis	
	Breedwerpige toediening ℓ / ha	Kolbespuiting %
1 -12 Blare	0.8 ℓ - 1.25 ℓ	1.5 %
12+ Blare tot vóór blom	1.25 ℓ - 2.5 ℓ	1.5 %
Blom	2.5 ℓ - 4.0 ℓ	1.5 – 2.5 %
Verbeterde breëblaaronkruidbeheer kan verkry word deur GLYNOX 540 SL in 'n tenkmengsel met óf 0.5 ℓ tot 0.75 ℓ 2,4-D Amine 480 SL / ha óf 0.5 ℓ tot 0.75 ℓ MCPA 400 SL / ha toe te dien (*verwys na tabel hieronder). Moenie hierdie mengsel op breëblaargewasse toedien nie.		
Verwys na onkruidweerstand onder “Onkruidweerstandbestuur”		

GLYNOX 540 SL GEBRUIK IN GLIFOSAATBESTANDHEID GEWASSE

Dien **GLYNOX 540 SL** verkieslik as 'n direkte tussen-ry toe vóór onkruide 10 cm hoog is óf tussen die 8 tot 10 blaargroeistadium.

Volwasse jaarlikse onkruide sal 'n hoër dosis benodig.

Tweejarige en sekere meerjarige onkruide sal die hoër aanbevole dosis en 'n tweede toediening 14 dae na die eerste bespuiting benodig.

Toedieningsdosis:

Die onkruidspektrum in gewasse kan wisselvallig wees as gevolg van die gebied waar hulle voorkom, grondtipe en klimaatsfaktore wat seisoenaal kan verander. Daarom kan varieërende en onwederedige opkoms van verskeie onkruidspesies in 'n spesifieke gebied voorkom, veral een of meer spesies mag oorheersend wees. Die aanbevole dosis bestem om 'n wye reeks van onkruide te dek moet toegedien word voordat die onkruide 10 cm lank is (bv. Kakiebos), of vlak-groeiende onkruide voordat hulle die 6 tot 8-blaarstadium bereik het (bv. Porslein).

Onkruide	GLYNOX 540 SL Dosis soos aangedui ℓ per hektaar	Opmerkings
Eenjarige grasse Eenjarige breëblare	1.3 – 2.0 ℓ	Gebruik die laer dosis op saailing onkruide. Gebruik die hoër dosis op ontwikkelde en volwasse onkruide.
Twee- en meerjarige saailinge	2.0 ℓ	Dien toe voordat die onkruide 10 cm lank is óf vóór die 8-blaargroeistadium.
Meerjariges*	2.0 ℓ + 2.0 ℓ	Dien die eerste bespuiting toe voordat die onkruide die 5-blaargroeistadium bereik het en herhaal 14 dae later.

* Die beheer van sekere twee- en meerjarige onkruidspesies soos byvoorbeeld, *Commelina*, *Conyza*, *Cyperus*, *Ipomoea* asook ander, kan wisselvallig wees teen hierdie dosisse. **GLYNOX 540 SL** in 'n tenkmengsel met óf 0.5 ℓ tot 0.75 ℓ **2,4-D Amine 480 SL** / ha óf 0.5 ℓ tot 0.75 ℓ **MCPA 400 SL** / ha toe te dien. Verwys na “Onkruidweerstandbeheer”.

Gevestigde onkruidspesies soos byvoorbeeld *Cynodon*, *Convolvulus* en *Paspalum* sal nie teen hierdie dosis beheer word nie.

GLIFOSAATBESTANDHEID KATOEN

Dien **GLYNOX 540 SL** toe voordat die katoen ten volle ontwikkel het na die 4^{de} egte-blaar/knoop groeistadium.

Dien **GLYNOX 540 SL** toe voordat die katoen die 4^{de} egte-blaar/knoop groeistadium bereik het. Toediening na die 4^{de} egte-blaar/knoop groeistadium moet met 'n gerigte tussen-ry bedekte spuitstelsel toegedien word om sproeinewel kontak met die gewas te vermy

GLIFOSAATBESTANDHEID MIELIES

Dien **GLYNOX 540 SL** vanaf gewas opkoms tot die 8-blaargroeistadium (V8) toe.

Dien **GLYNOX 540 SL** tweekeer in die gewas toe en laat 'n minimum tussenpose van 14 dae verloop tussen bespuitings.

GLYNOX 540 SL kan in kombinasie met óf **2,4-D Amine 480 SL** óf **MCPA 400 SL** toegedien word, vir verbeterde onkruidbeheer.

GLIFOSAATBESTANDHEID SOJABONE

Dien **GLYNOX 540 SL** toe vanaf gewas opkoms tot by die begin van blom.

Dien **GLYNOX 540 SL** tweekeer in die gewas toe en laat 'n minimum tussenpose van 14 dae verloop tussen bespuitings.

EUCALYPTUS GRANDIS (BLOEKOM) STOMP UITWISSING

Sny die stomp so naby aan die grondoppervlak as moontlik af.

Verwyder alle saagsels van die uitgewiste stomp voordat **GLYNOX 540 SL** toegedien word.

Dien **GLYNOX 540 SL** op dieselfde dag as die boomsloping toe, verskieslik binne 3 ure nadat die stomp uitgewis is.

Gebruik 'n lae-druk rugsakspuit met volkegel spuitpunte vir volledige benatting van die afgesnyde stomp oppervlak.

Die area rondom die kambium van die totale stomp uitwissingsgebied moet behandel word (veral waar die bas en hout bymekaar kom).

'n Tweede **GLYNOX 540 SL** behandeling binne 10-15 minute vanaf die eerste behandeling het aangetoon dat dit die kanse op hergroei verminder.

Enige blaar-hergroei na toediening moet met 'n kolbespuiting teen 'n 2.0 % **GLYNOX 540 SL** oplossing toegedien word voordat die hergroei 1.0 m lank is.

Enkelstam stompe		4 % oplossing	400 ml GLYNOX 540 SL in 9.6 l water. Dien ± 50 ml van die oplossing toe vir 'n volledige benatting van die stomp.
Meerstammige stompe		5 % oplossing	500 ml GLYNOX 540 SL in 9.5 l water. Dien ± 100 ml van die oplossing toe vir 'n volledige benatting van die stomp.

SUIKERRIET UITWISSING

Die dosis word bepaal deur die variëteit van suikerriet wat uitgewis moet word. Raadpleeg u AECI Plant Health Gewasadviseur vir aanbevelings.

Na afloop van die oes laat hergroei van die suikerriet toe tot 'n hoogte van naasteby 50 cm tydens stoelstadium "tillering" en dien dan die **GLYNOX 540 SL** toe.

Dien **GLYNOX 540 SL** teen 6.5 tot 8.0 l per ha as 'n breedwerpige bespuiting oor die suikerrietry toe.

Gebruik 'n spuitvolume van 100 – 300 l per ha en verseker goeie druppelbedekking van die teiken blare.

Gebruik 'n 7.5 % **GLYNOX 540 SL** spuitoplossing as 'n kolbespuiting op enige suikerriet hergroei.

Gebruik 'n 7.5 % **GLYNOX 540 SL** spuitoplossing as 'n kolbespuiting op af-tipe óf siekte-besmette suikerriet stoele.

Algemene Onkruidbeheer

ONKRUIDE	SPESES	DOSIS l/ha
UINTJIES		
Geeluintjie hergroei	<i>Cyperus esculentus</i>	4.0 l (2.0%) 2.0 l (1.0%)
Rooiuintjie hergroei	<i>Cyperus rotundus</i>	4.0 l (2.0%) 2.0 l (1.0%)
GRASSE		
Gewone wilde hawer	<i>Avena fatua</i>	1.0 tot 2.0 l (0.5 % - 1.0 %)
Hawer	<i>Avena sativa</i>	1.0 tot 2.0 l (0.5 % - 1.0 %)
Reddingsgras	<i>Bromus cartharticus</i>	1.0 tot 2.0 l (0.5 % - 1.0 %)
Predikantsluis	<i>Bromus diandrus</i>	1.0 tot 2.0 l (0.5 % - 1.0 %)
Witpluim-chloris	<i>Chloris virgata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Gewone kweek	<i>Cynodon dactylon</i>	4.0 l (2.0 %)
Hoederspoor	<i>Dactyloctenium aegyptium</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Kruisvingergras	<i>Digitaria sanguinalis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Jongosgras	<i>Eleusine indica</i> (<i>E. corocana</i>)	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Wildegars	<i>Hordeum murinum</i> sub spesie <i>leporinum</i>	2.0 l (1.0 %)
Gars (Winter)	<i>Hordeum vulgare</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Raaigras	<i>Lolium spesies</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Natalse rooipluim	<i>Melinis repens</i>	3.0 tot 4.0 l (1.5 % - 2.0 %)
Nassella polgras	<i>Nassella trichotoma</i>	3.0 l (1.5 %)
Gewone buffelsgras	<i>Panicum maximum</i>	3.0 l (1.5 %)
Buffelsgras	<i>Panicum schinzii</i>	3.0 l (1.5 %)
Gewone paspalum	<i>Paspalum dilatatum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Kikoejoe	<i>Pennisetum clandestinum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Wintergras	<i>Poa annua</i>	1.0 l (0.5 %)
Rooiborselgras	<i>Setaria pallide-fusca</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Gewone wildesorghum	<i>Sorghum bicolor</i>	1.5 l (1.0 %)
Johnsongras	<i>Sorghum halapense</i>	3.0 l (1.0 %)
Kleinwortelsaadgras	<i>Tragus berteronianus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Groot wortelsaadgras	<i>Tragus racemosus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Bosveld-beesgras	<i>Urochloa mosambicensis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)

Beesgras	<i>Urochloa panicoides</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
BREËBLAARONKRUIDE		
Indringer ageratum	<i>Ageratum conyzoides</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Gewone misbredie	<i>Amaranthus hybridus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Pimpernel	<i>Anagallis arvensis</i>	2.0 l (1.0 %)
Soetgousblom - Gousblom	<i>Arctotheca calendula</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Spaanse knapsekêrel	<i>Bidens bipinnata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Knapsekêrel	<i>Bidens pilosa</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Withondebossie	<i>Chenopodium album</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Groenhondebossie = Hondepisbossie	<i>Chenopodium carinatum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Speerdissel	<i>Cirsium vulgare</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Wilde waatlemoen	<i>Citrullus lanatus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Rusperbossie = Enkelblaar-cleome	<i>Cleome monophylla</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Bengaalse wandelende Jood	<i>Commelina benghalensis</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Akkerwinde	<i>Convolvulus arvensis</i> *	2.0 tot 4.0 l (1.0 % - 2.0 %) *
Skraalhans	<i>Conyza species</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Bosluissaad	<i>Coreopsis bitermata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Peperkruid	<i>Coronopus didymus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Knopieskruid	<i>Cotula australis</i> *	1.0 tot 1.3 l (0.5 % - 0.7 %) *
Grootstinkblaar = Grootolieboom	<i>Datura ferox</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Stinkblaar = Olieboom	<i>Datura stramonium</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Pers-Echium	<i>Echium plantagineum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Kaapse dubbeltjie	<i>Emex australis</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Turknael	<i>Erodium moschatum</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Duiwekerwel	<i>Fumaria officinalis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Kruipknopamarant	<i>Gomphrena celosioides</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Knopkruid	<i>Galinsoga parviflora</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Wildestokroos	<i>Hibiscus cannabinus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Harige skaapslaai	<i>Hypochoeris radicata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Purpurwind	<i>Ipomoea purpurea</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Peperbossie	<i>Lepidium africanum</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %) *
Peperbossie	<i>Lepidium bonariense</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Kiesieblaar	<i>Malva parviflora</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Klitsklawer	<i>Medicago polymorpha</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Basterappelliefie	<i>Nicandra physaloides</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Tuinranksuring	<i>Oxalis corniculata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Geelsuring	<i>Oxalis pes-caprae</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Stekel-picris	<i>Picris echioides</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)

Voëlduisendknoop	<i>Polygonum aviculare</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Porslein = Varkslaai	<i>Portulaca oleracea</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Roerkruis	<i>Pseudognaphalium undulatum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Ramenas	<i>Raphanus raphanistrum</i> *	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %) *
Wildemosterd	<i>Rapistrum rugosum</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Tropiese Richardia	<i>Richardia brasiliensis</i>	3.0 tot 4.0 l (1.5 % - 2.0 %)
Steenboksuring	<i>Rumex acetosella</i> subsp. <i>angiocarpus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Kleinkakiebos	<i>Schkuhria pinnata</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Bankrotbos	<i>Senecio bonariensis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Hongerbos senecio	<i>Senecio consanguineus</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Gifbossie = Geelopslag	<i>Senecio madagascariensis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Sydissel	<i>Sonchus sp.</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Sterremuur	<i>Stellaria media</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Kakiebos	<i>Tagetes minuta</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Perdeblom	<i>Taraxacum officinale</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Dubbeltjie	<i>Tribulus terrestris</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)
Kleinbrandnetel	<i>Urtica urens</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Blouwaterbossie	<i>Verbena bonariensis</i>	1.7 tot 2.0 l (0.8 % - 1.0 %)
Kankerroos	<i>Xanthium strumarium</i>	2.0 tot 3.0 l (1.0 % - 1.5 %)

ONKRUIDBEHEER IN INDUSTRIËLE GEBIEDE

Hierdie toediening sal meeste een- en meerjarige onkruid beheer. Enige hergroei moet met 'n kolbespuiting van 'n 1.0% oplossing bespuit word.

4.0 – 7.0 l/ha

WATERONKRUIDE

<i>Eichhornia crassipes</i> Water hiasint	4.0 l/ha of 2.0 %
<i>Phragmites australis</i> Fluitjiesriet	4.0 l/ha of 2.0 %

BEHEER VAN BOME EN STRUIKE

Gevestigde plante: Sny stamme 5 tot 10 cm terug bo die grond: laat hergroei tot 50 cm toe en dien toe op hergroeiende blare.

Saailinge: Dien toe vóór 1 m hoog.

<i>Acacia mearnsii</i> – Swartwattel	2.25 l/ha of 1.0 %
<i>Acacia saligna</i> – Goudwilger	1.5 tot 3.0 l/ha of 3.0 %
<i>Caesalpinia decapetala</i> – Kraaldoring	2.25 l/ha of 1.0 %
<i>Chromolaena odorata</i> - Parafienbos	0.75 %
<i>Lantana camara</i> – Gewone lantana	4.0 l/ha of 2.0 %
<i>Phytolacca heptandra</i> – Inkbossie	2.25 l/ha of 1.0 %
<i>Rubus sp.</i> Brame	4.0 l/ha of 2.0 %
<i>Sesbania punicea</i> – Rooi sesbania	2.25 l/ha of 1.0 %
<i>Solanum mauritianum</i> – Luisboom = Groot bitterappel	1.5 l/ha of 1.0 %

IMIBOOST, ASC en 2,4-D AMINE 480 SL is die geregistreerde handelsname van Nulandis® ('n Afdeling van AECl Beperk)

Bladbuff® 7 is die geregistreerde handelsmerk van AECl® Beperk